**DINSDAG 17 MAART**

**SKRIFGEDEELTE: JONA 1; JONA 3:9 – 4:2**
**FOKUSGEDEELTE: JONA 4:2 (OAV)**

## Jona – God laat ons nie sommer toe om aan Hom ongehoorsaam te wees nie

Hoeveel keer is ons ongehoorsaam aan ons ouers, ons base, of enige hoër gesag wat oor ons aangestel is? Jy word gevra om een of ander opdrag uit te voer, maar jy tower ’n verskoning op hoekom jy dit nie nou kan doen nie. So vra God ook van ons dat ons elke week na sy huis sal gaan. Ons het ook elke nou en dan ’n verskoning. Ek is te besig, of ek het kuiermense.

Jona, die ongehoorsame profeet, het ook verskonings gehad. Hy is deur God gestuur om na Nineve toe te gaan, maar hy vlug drie keer. Eers vlug hy na Tarsis toe, dan maak die Here die see onrustig. Daarna vlug hy deur onder in die skip te gaan slaap terwyl die manne tot hulle gode bid. Hy erken aan hulle dat hy vir die Here vlug. Dan vlug hy weer, die water in. Hy probeer eerder doodgaan as om die wil van die Here te gehoorsaam.

Hier sien ons die Here se lankmoedigheid, waarvan ons lees in Jona 4:2. Die Here beskik ’n groot vis wat vir Jona insluk. Drie dae en nagte was Jona in die vis.

Hierdeur sien ons dat die Here se wil sal geskied. Jona se lewe word gespaar sodat Nineve van God se oordeel verlos kan word. Jesus, wat drie dae en drie nagte in die graf was, se lewe word nie gespaar nie, sodat ons vir ewig van die hel verlos kan word. Die Heilige Gees druk dit op ons harte om nie van God af weg te vlug nie. Luister na die Heilige Gees.

Soos Jona tereg sê: “… U ’n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.”

As ons bly vlug en nie luister na die Heilige Gees nie, kan God ons laat sink sonder om ’n vis te stuur.

*Sing: Psalm 139:3, 4*

*Teologiese Student JN (Josef) Hibbert*